NAGEDINK OOR NICEA

PINKSTERREEKS 2025

CHRIS WEYERS

INHOUDSOPGAWE

Groeteboodskap 3

Voorwoord 4

Ons is kinders van God die Vader 6

Ons leef met hoop deur Jesus se kruis-liefde 11

Ons wag op Jesus se wederkoms en sy ewige Koninkryk 16

Ons is deel van een kerk wêreldwyd 21

Die Heilige Gees woon in ons 26

Ons het een doop tot vergifnis van ons sondes 31

Ons sal opstaan uit die dood en vir ewig lewe 36

GROETEBOODSKAP

Pinkster is 'n besonderse tyd in die kerkjaar wanneer ons die uitstorting van die Heilige Gees vier – die krag, troos en leiding wat God aan sy mense gee. Dit is 'n tyd om weer dieper na te dink oor ons geloof, ons gemeenskap, en ons roeping as dissipels van Christus. Pinkstersondag val vanjaar op 8 Junie, en soos elke jaar ontwikkel CLF 'n Pinksterreeks wat spesiaal saamgestel is vir leraars, diensleraars, ouderlinge, Bybelstudiegroepe, of enigeen wat belangstel. Elke stuk bevat enkele liturgiese voorstelle, stof tot nadenke, en voorstelle vir gebed vir 1 tot 8 Junie.

Hierdie jaar fokus ons op die viering van die Geloofsbelydenis van Nicea. In 325 n.C., na die wettiging van Christenskap in die Romeinse Ryk onder Keiser Konstantyn, het kerkleiers byeengekom vir die Eerste Ekumeniese Konsilie, bekend as die Konsilie (of Sinode) van Nicea. Die konsilie is gehou om belangrike teologiese geskille aan te spreek en die kernwaarhede van die Christelike geloof te definieer. Een van die belangrikste uitkomste was die opstel van die Geloofsbelydenis van Nicea, 'n grondslag van Christelike leer en belydenis. Vanjaar, 2025, vier ons die 1700ste herdenking van hierdie historiese gebeurtenis, wat steeds die Christelike teologie en aanbidding wêreldwyd vorm.

Hierdie reeks is saamgestel deur Chris Weyers, 'n leraar en pastorale berader van Port Elizabeth. Met sy ervaring in *mindfulness* en as geestelike leier van talle retraites, bring Chris unieke insigte wat ons help om die Heilige Gees se werk in ons alledaagse lewe raak te sien. Tussen sy pastorale werk en bediening deur vind hy ook vreugde in eenvoud, soos om langs die strand te gaan stap en weer vir 'n oomblik bewus te word van God se teenwoordigheid deur die natuur.

Ons hoop dat hierdie reeks jou sal inspireer en jou geloof sal verdiep terwyl ons saam die Pinkstergees vier en opnuut na die Geloofsbelydenis van Nicea kyk.

Dr Mias van Jaarsveld
Redakteur

VOORWOORD

Vanjaar vier ons die 1700ste verjaarsdag van die ontstaan van die Geloofsbelydenis van Nicea. Hierdie belydenis, saam met die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Athanasius, vorm die drie belydenisskrifte van die NG kerk.

Die Belydenis van Nicea het sy ontstaan gehad in die jaar 325 n.C. in die dorpie Nicea in Klein-Asië, vandag bekend as Iznik in Turkye. In daardie tyd het die vervolging onder die Romeinse Ryk pas tot 'n einde gekom. Vir die eerste keer kon Christene hul geloof weer vrylik uitleef en verkondig. Alhoewel die grootste deel van die belydenis in hierdie tyd neergepen is, is die belydenis in sy huidige vorm eers in 381 n.C., tydens die Sinode van Konstantinopel, gefinaliseer.

Maar soos ons wêreld van vandag, was daar in daardie tyd groot verdeeldheid en ongeregtigheid onder die mense. Ook onder die gelowiges was daar verdeeldheid oor die inhoud van hul geloof. Daarom het Keiser Konstantyn, wat toe onlangs tot bekering gekom het, besluit om al die biskoppe van al die verskillende Godsdienstige groeperinge byeen te roep. Die doel van die eerste Sinode was om die geloof in die Drie-eenheid van God te bevestig, en om duidelik te stel wat die aard van die verhouding tussen die Vader en die Seun en die Heilige Gees is.

Hierdie belydenis was in teenstelling met Arius wat in daardie tyd geleer het dat Jesus nie van dieselfde substans as God is nie en dus nie God is nie. Die Sinode van Nicea het derhalwe bevestig dat God wel een in wese is, maar drie persone – onderskeibaar maar nie skeibaar nie.

Ons gaan tydens elke byeenkoms kyk na verskillende aspekte van die belydenis en vra wat dit vir ons as gelowiges vandag beteken.

Aangeheg aan elke sessie is daar 'n toepaslike Skrifgedeelte, liturgiese voorstelle, vrae oor die teks om oor na te dink en in kleingroepe te deel, sake om oor te bid en aktiwiteite om te doen – alles gemik op die vaslegging van die boodskap van die dag.

Ek bid u die Here se ryke seën toe.

Proponent Chris Weyers
12 Desember 2024

DIE BELYDENIS VAN NICEA

Ons glo in een God, die almagtige Vader,
die Skepper van hemel en aarde,
van alle sienlike en onsienlike dinge;

en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God,
gebore uit die Vader voor alle tye;
(God uit God) Lig uit Lig,
waaragtige God uit waaragtige God,
verwek, nie gemaak nie,
een in wese met die Vader;
deur wie alle dinge ontstaan het;
wat ter wille van ons, die mens,
en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel,
vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria,
en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius
Pilatus, gely het en begrawe is;
en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte;
wat opgevaar het na die hemel,
en wat sit aan die regterhand van die Vader;
wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die wat nog lewe
en die wat reeds gesterf het,
wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie;

en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker,
wat van die Vader en die Seun uitgaan,
wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word,
wat gespreek het deur die heilige profete.

Ons glo aan een heilige, algemene kerk,
gegrond op die leer van die apostels.

Ons bely een doop tot vergifnis van sondes;

ons verwag die opstanding van die ontslapenes,

en die lewe van die toekomstige eeu.

Amen.
Uit: *Die Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 1988

ONS IS KINDERS VAN GOD DIE VADER

SONDAGOGGEND 1 JUNIE 2025

LEES

Skriflesing:
Galasiërs 3:26 – 4:7 (Nuwe vertaling, 1983)

> *[26]Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God,*
> *[27]want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel*
> *van Christus geword. [28]Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf*
> *of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. [29]En as julle*
> *aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename*
> *kragtens die belofte van God.*
>
> *[1]Hierby wil ek nog dít sê: Solank 'n erfgenaam nog minderjarig is, verskil sy*
> *posisie nie werklik van dié van 'n slaaf nie, al behoort die hele erfenis aan*
> *hom. [2]Tot die dag wat sy pa bepaal het, staan hy onder toesig van voogde*
> *en word sy besittings deur bestuurders beheer.*
> *[3]En so is dit ook met ons. Toe ons nog geestelik onmondig was, was ons*
> *slawe van wettiese godsdienstige reëls. [4]Maar toe die tyd wat God daarvoor*
> *bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore*
> *en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe [5]om ons, wat aan die*
> *wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem*
> *kon word. [6]En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons*
> *harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! [7]Jy is dus*
> *nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het*
> *God jou ook sy erfgenaam gemaak.*

Liturgiese voorstelle:
Sing:

- NGK Liedboek Lied 334: "God is liefde, juig ons harte"
- Jeugsangbundel 1 Lied 41: "Ek aanvaar jou met die liefde van die Heer".
- Sing dit aan die einde van die diens en laat die gemeente by mekaar inhaak.

Liturgiese Handeling:

- Steek aan die begin van die erediens 'n rooi kers aan wat God se nimmereindigende liefde vir ons voorstel.

LUISTER

Inleiding:

Ons eerste belydenis waarby ons stilstaan is dat "Ons glo in een God, die almagtige Vader". Hierdie belydenis is die kern van ons verhouding met God – dat Hy ons Vader is en ons sy kinders. Vir die afgelope 1700 jaar hou gelowiges aan hierdie waarheid vas. En in ons wêreld vandag – met al sy uitdagings en onsekerhede – word ons ook uitgenooi om daaraan vas te hou.

Maar wat beteken dit vandag vir ons as ons bely dat God ons Vader is en ons sy kinders? Dit beteken …

- dat ons 'n nuwe identiteit ontvang het,
- dat ons in 'n nuwe verhouding met Hom kan leef, en
- dat ons 'n Goddelike roeping ontvang het.

1. Ons identiteit as God se kinders:

In ons wêreld vandag sukkel mense om hul identiteit te bepaal. Dit lyk of hulle nie weet wie hulle is nie. Ons soek ons waarde in wat ons doen, wat ons het, en wat ander mense van ons dink.

Ons probeer vir ons 'n naam maak …

- deur groter sukses in ons werk te behaal,
- deur meer en meer "followers" op Instagram te probeer lok,
- deur meer en meer geld te wil maak,
- deur die regte "konneksies" met die regte mense te vorm …

Maar die Bybel leer ons dat ons waarde eintlik te vind is in die liefde van die Vader.

Galasiërs 4:6–7 sê: "En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken Vader. Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak."

Ons is kinders van God. Dit is ons diepste en belangrikste identiteit. Dit bepaal wie ons in hierdie wêreld is. Dit sê vir die wêreld wie ons eintlik is: ons is kinders van "die Almagtige God, die Skepper van die Hemel en die Aarde, van alle sienlike en onsienlike dinge" verklaar die Belydenis van Nicea.

Indien hierdie belydenis waar is van my, dan is dit ook waar van alle ander gelowiges!

Daarom daag hierdie belydenis ons uit om ander gelowiges ook te sien as kinders van God, as Sy geliefde seuns en dogters. Maar nie net medegelowiges nie. Die Bybel leer ons dat alle mense geskape is na die beeld van God en dat alle mense onder God se genade en liefde leef. Daarom roep die belydenis ons ook op om ander mense met liefde en respek te behandel.

Hierdie belydenis roep ons dus op tot 'n radikale inklusiwiteit – om die wat anders is as ons, die verstotenes, die randfigure van ons samelewing, diegene wie ons so maklik spot en oor skinder – om hulle in te nooi om saam met ons vir God te loof en dien.

2. Ons verhouding met God as liefdevolle Vader

Om God ons "Vader" te noem, beteken dat dit 'n verhouding vol intimiteit, vertroue en veiligheid is.

Vir baie mense vandag is dit egter nie die geval met hul aardse vaders nie. Onder ons mag dalk sommiges wees wat geworstel het met 'n afwesige pa, of wat verwaarlosing beleef het, of die pyn van mishandeling moes deurmaak.

Selfs pa's met goeie bedoelings maak soms foute. Elke ouer weet dat sy of haar kind hulle eendag sal moet vergewe – as gevolg van die foute wat hulle gemaak het.

Maar God ons Vader maak nie foute nie. Hy is nie soos ons aardse pa's nie. Hy is soveel meer! Hy is die perfekte vader – vol liefde en genade, altyd daar vir ons, betroubaar tot die dood, en selfs daarna.

In Jesus se dae was dit absoluut ongehoord om so oor God te dink, en tog leer Jesus ons in Matteus 6 om so te bid: "Ons Vader, wat in die hemel is …" Jesus leer ons dat God in die eerste plek ons Vader is, nie ons heer en meester nie, maar 'n vader, net soos wat Hy vir Jesus 'n vader was.

En in hierdie gebroke wêreld waarin ons vandag leef, in hierdie wêreld vol gevaar, hartseer, en teleurstellings, is dit ons troos: dat ons 'n Vader in die hemel het wat luister as ons na Hom toe gaan en vir Hom sê: "Vader".

3. Ons roeping om God se Vaderhart aan die wêreld te verkondig.

Ons weet uit so baie verhale in die Bybel dat God se Vaderhart warm klop vir gebroke, verstote, en verlore mense. Jesus, wat die vaderhart van God aan die wêreld kom openbaar het, het sy eie roeping as volg opgesom: "Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is" (Luk. 19:10).

En as kinders van die Vader is ons roeping dieselfde as sy Eersgebore Kind, en word ook ons geroep om ons Vader se liefde sigbaar te maak. En ons doen dit deur dié wat honger is, te voed, vreemdelinge te verwelkom, en reg en geregtigheid te laat geskied aan die wat vertrap en verstoot word.

In 'n wêreld waar verskil in klas, en taal, en ras, en wie weet wat nog alles, mense uit mekaar dryf, word ons geroep om brug-bouers te wees. Ons word geroep om God se vergifnis en genade aan mense wat van ons verskil (ons selfs seergemaak het) te bedien. Want dit is wie ons is. Dit is ons identiteit: ons is kinders van die Vader wat doen wat die Vader gedoen het.

Slot:

Liewe kinders van ons Vader, wanneer ons bely dat God ons Vader is, bevestig ons God se vermoë om ons te kan verander.

Hier in Pinkstertyd herdenk ons dat God sy Heilige Gees in ons uitgestort het. Daardeur het Hy ons status verander – van verlore sondaar tot geredde kind van God – sodat ons daagliks in 'n lewende verhouding met Hom kan leef. Hy het ook ons wesensaard kom verander – van stoflike mens tot draer van sy Heilige Gees – sodat ons in sy hemelse woning kan ingaan.

Ons is dus nuwe mense met 'n nuwe identiteit, in 'n nuwe verhouding met God en met 'n nuwe roeping.

Ons is Sy geliefde seuns en dogters. Laat dit ons vul met troos, en hoop, en liefde, en moed, om as kinders van die Vader in hierdie wêreld te leef.

Amen.

LEWE

Dink en deel:

1. Dink aan 'n (of maak jou eie) prentjie, beeld, of situasie wat vir jou iets illustreer van God as jou liefdevolle Vader.
   - Wat beteken dit vir jou om jouself in hierdie prentjie te sien?
   - Watter verskil kan dit maak as jy elke dag, in elke moeilike situasie, aan hierdie prentjie dink?
2. Deel met mekaar wie jy dink die verstote mense in jou omgewing is.
   - Waarom verstoot mense hulle?
   - Wat dink jy is hulle ervaring van God as liefdevolle Vader? Hoekom?

Bid:

1. Dank God dat Hy jou as sy geliefde kind aangeneem het?
2. Vra God om vir jou te wys watter mense jy minag en verstoot, oor wie jy skinder en sleg praat.
3. Vra dat God sy liefde vir alle mense in jou lewe sal vestig – veral vir verstote mense.

Doen:

1. Teken 'n prentjie van God as jou liefdevolle Vader en bêre dit in jou Bybel.
2. Gaan gesels met iemand met wie jy normaalweg nie sou nie, op so 'n wyse dat hulle iets van God se liefde en aanvaarding ervaar – vandag nog.

ONS LEEF MET HOOP DEUR JESUS SE KRUIS-LIEFDE

SONDAGAAND 1 JUNIE 2025

LEES

Skriflesing:
Filippense 2:5-11 (Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983)

> *5Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:*
> *6Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie*
> *beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7maar Hy het Homself*
> *verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te*
> *word. En toe Hy as mens verskyn het, 8het Hy Homself verder verneder. Hy*
> *was gehoorsaam tot in die dood, ja die dood aan die kruis.*
> *9Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam*
> *gegee wat bo elke naam is, 10sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die*
> *hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, 11en elke tong*
> *sou erken: "Jesus Christus is die Here!" tot eer van God die Vader.*

Liturgiese voorstelle:
Sing:

- NGK Liedboek Lied 415: Jesus leef, en ons met Hom
- NGK Liedboek Lied 417: Jesus, ons eer u, opgestane Heer

Liturgiese Handeling:

- Laat gelowiges hul huidige worsteling (uitdaging, vrees, behoefte, ens.) op 'n stukkie papier skryf en voor die kruis kom neerlê as teken van hul geloof in Jesus se opstandingskrag (m.a.w. sy vermoë om hulle uit hierdie moeras te laat opstaan).

LUISTER

Inleiding:

Vanaand staan ons stil by die tweede tema van die Belydenis van Nicea, naamlik dat Jesus Christus, die Seun van God, mens geword het en aan die kruis gesterf het ter wille van ons verlossing.

Alle gelowiges reg oor die wêreld bely hierdie geloofstelling sedert 325 n.C. Dit was juis die doel van die vergadering wat deur Keiser Konstantyn belê is: om te bepaal wat die absolute waarheid aangaande die drie-enige God is. Hierdie kern waarheid aangaande Jesus is egter veel meer as 'n blote teologiese stelling. Dit is 'n realiteit wat elke faset van ons lewe as Christene vandag deurdrenk.

Kom ons kyk wat …

1. die geboorte,
2. die sterwe, en
3. die opstanding van Jesus vir ons vandag inhou:

1. Jesus se menswording

Die Belydenis van Nicea begin die stelling oor Jesus met die woorde "God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God". Dit stel uit die staanspoor wat die diepste waarheid oor Jesus is, naamlik dat Hy volledig God is en terselfdertyd ook volledig mens is. In Jesus Christus het God Immanuel geword, "God met ons" (Mat. 1:23) en "onder ons kom woon" (Joh. 1:14).

Maar wat beteken dit vandag vir ons dat Jesus as mens aarde toe gekom het?

- **God is by ons:** Die menswording van Christus beteken dat God "uit die hemel gekom het" (Joh. 3:13; Spr. 30:4) en nou op aarde saam met ons leef. Voortaan sou God nie meer daar vêr in die hemel wees nie. In Jesus het Hy deel geword van ons alledaagse bestaan sodat Hy eerstehands sou ervaar wat ons elke dag deurmaak. Deur sy eie pyn verstaan Hy ons pyn. Deur sy eie verwerping voel Hy ons verwerping. Deur sy eie lyding ervaar Hy ons lyding. In 'n wêreld waar ons dikwels eensaam en alleen voel, verseker sy menswording ons dat ons nooit alleen is nie. Hy, die God van hemel en aarde, is altyd met ons.
- **Ons is waardevol:** Met sy menswording bevestig Jesus die goedheid van die skepping en die waarde van die mens. In die skeppingsverhaal van Genesis 1 hoor ons hoe God aan die einde van elke dag terugkyk oor die dag se skeppingswerk en dan sê dat alles wat Hy gemaak het, goed is. Maar nadat Hy die mens geskep het, sê Hy dat dit baie goed is (Gen. 1:31). Die mens is die toppunt van God se skepping en daarom is ons vir God belangrik, so belangrik dat Hy sy Eniggebore Seun gestuur het om vir ons aan die kruis te sterf.

In hierdie waarheid lê egter ook vir ons 'n uitdaging as kinders van God: om na *alle* ander mense te kyk deur God se oë, om na hulle te kyk en te sien dat hulle "baie goed" is – net soos wat ek en jy "baie goed" is in God se oë. In 'n wêreld vol verdeeldheid, uitbuiting en minagting van mense se waarde, roep Christus se menswording ons op om die waarde wat Hy aan ons heg, ook aan ander mense te heg.

2. Jesus se kruisiging

Die Belydenis van Nicea gaan voort deur te bevestig dat Jesus "vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is". Dit het Jesus gedoen op grond van twee motiverings:

- eerstens uit gehoorsaamheid aan die Vader (Fil. 2:8); en
- tweedens uit liefde vir die mensdom. Romeine 5:8 stel dit duidelik: "God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." Christus se sterwe aan die kruis was die bewys van die grootsheid van sy liefde vir ons.

Maar wat hou dit vir ons vandag in?

- **Vergifnis en vryspraak:** Jesus het al ons straf op Hom geneem toe Hy aan die kruis gesterf het. Daardeur het Hy vergifnis vir ons sonde bewerk en kan ons nou vry van skuldgevoel en veroordeling leef, met die wete dat God ons oneindig liefhet.
- **Liefde, vrede en vreugde:** Die kruis is vir ons 'n simbool van Christus se liefde vir verlore mense. Dit is 'n liefde wat die vrede tussen ons en God kom herstel het, 'n liefde wat daartoe gelei het dat ons weer met vreugde in 'n liefdevolle verhouding met God kan leef.

Maar die kruis herinner ons ook dat ons geroep is om dieselfde liefde teenoor ander te bewys. In 'n wêreld waar dit "elke man vir homself" is, word ons opgeroep om soos Jesus lief te hê.

Kruis-liefde is 'n selfopofferende liefde. Dit beteken nie dat ons 'n vloerlap of slaansak vir ander moet wees nie. Dit beteken eerder dat ons kies om ander te vergewe – selfs die wat iets teen ons gedoen het. Dit beteken dat ons kies om die te verdedig wat onregverdig behandel word. Dit beteken dat ons kies om hulle te versorg wat deur ander vergeet en verstoot word.

3. Jesus se opstanding

Die derde aspek van die Belydenis van Nicea handel oor Christus se opstanding en Hemelvaart. Sy opstanding vorm die basis van ons hoop. Omdat Jesus die dood kon oorwin en nou lewe, kan ons ook nou hoop op die ewige lewe saam met Hom. En dit is hierdie wete wat maak dat ons anders na hierdie lewe kan kyk.

- **Hoop in lyding:** Die kruisiging en opstanding van Jesus herinner ons dat lyding en dood nie die finale sê in hierdie lewe het nie. Net soos wat Jesus se lyding tot sy opstanding gelei het, so sal ook ons lyding tot ons eie opstanding lei. Net soos wat Jesus se pyn en lyding tot 'n einde gekom het, so sal ons seer en swaarkry ook nie vir altyd duur nie – al voel dit soms so.
- **Roeping tot getuies:** Die opstanding van Jesus roep ons op om te vertel van sy liefde en vergifnis vir alle mense. Dit is ons roeping om hierdie goeie nuus te verkondig, sodat die hoop in Christus mag kom na 'n hoop-lose wêreld.

Die uitdagings van die lewe mag ons soms oorweldig en selfs lamlê. Maar die opstanding bewys dat oorwinning altyd moontlik is. As God die Vader vir Jesus uit die dood kon opwek, kan Hy sekerlik vir ons laat opstaan uit die moeras waarin ons soms beland. Daarom is daar altyd hoop – hoop dat God die Vader ook vir my en jou kan laat opstaan, hoop dat oorwinning om die draai is.

Slot:

Die belydenis dat Jesus, die Seun van God, mens geword het, vir ons gesterf het, en opgestaan het uit die dood, is nie bloot net 'n geloofsoortuiging nie. Dit is inderdaad ook 'n oproep om hierdie waarhede daagliks uit te leef. Dit is 'n oproep om sy liefde vir die mensdom, sy genade en vergifnis vir sondaars, met woord en daad te verkondig.

Laat ons vashou aan die woorde van Johannes 1:14: "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon". Laat ons in die voetspore van Jesus uitgaan en die wêreld liefhê soos Jesus ons gewys het.

Dit kan ons natuurlik nie uit onsself doen nie. Pinkster herinner ons dat die Heilige Gees van God in ons uitgestort is en ons daagliks meer en meer verander om soos Jesus te leef. Die Gees van God bekragtig ons om anders te leef as ons menslike natuur. Dit vul ons met 'n kruis-liefde wat net Hy in ons kan bewerk – ter wille van die mense oor wie Hy gesê het dat hulle "baie goed" is.

LEWE

Dink en deel:

1. Hoe raak of beïnvloed hierdie drie aspekte jou lewe:
   - Jesus se menswording
   - Jesus se kruisiging
   - Jesus se opstanding
2. Wees eerlik met God oor waarmee jy sukkel en vra Hom om jou daarmee te help.
3. Deel jou ontdekkings met jou groep.

Bid:

1. Bid vir iemand spesifiek wat jy weet tans in nood verkeer.
2. Vra God om vir jou te wys waar jy beter (met kruis-liefde) teenoor iemand kon opgetree het.
3. Dink aan 'n situasie waar jy wel met kruis-liefde opgetree het en dank God dat jy kan sien sy Heilige Gees is in jou.

Doen:

1. Doen een van die volgende drie dinge voor môreaand se diens:
   - help iemand op 'n manier wat God se liefde sigbaar maak
   - tree in en staan op vir geregtigheid
   - wees volledig teenwoordig by en toon begrip met iemand wat worstel met die uitdagings van die lewe.

ONS WAG OP JESUS SE WEDERKOMS EN SY EWIGE KONINKRYK

MAANDAGAAND 2 JUNIE 2025

LEES

Skriflesing:

1 Tessalonisense 4:13-18 (Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983)

> *[13]Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie. [14]Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem.*
> *[15]Dit sê ons vir julle op grond van wat die Here gesê het: Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here, sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie. [16]Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; [17]daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees.*
> *[18]Troos mekaar dan met hierdie woorde.*

Liturgiese voorstelle:

Sing:

- NGK Liedboek Lied 421: "Die Here Jesus lewe"
- FLAM Lied 45: "Die heel beste rede"

Handeling:

- Groet mekaar met die volgende woorde:
  - VOORGANGER: "Jesus het opgestaan!"
  - GEMEENTE: "Jesus het waarlik opgestaan."

LUISTER

Inleiding:

Vanaand kyk ons verder na die gedeelte in die Belydenis van Nicea wat handel oor Jesus. Ons gaan veral kyk na wat dit vir gelowiges inhou wanneer ons bely dat Jesus "weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het, wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie".

In hierdie geloofstelling lê daar drie waarhede opgesluit:

1. Jesus kom weer
2. Hy sal die lewendes en dooies oordeel
3. Hy sal tot in ewigheid regeer.

Kom ons kyk na elkeen van hierdie waarhede en watter verskil dit aan ons lewe vandag maak.

1. Jesus kom weer

As ons om ons na die wêreld kyk, raak ons dadelik bewus van dinge soos die oorloë in Oekraïne, Palestina en Soedan wat net nie einde kry nie. Ons sien die hongersnood in Afrika, die mishandeling van diere, siektes wat tot die dood lei en jong kinders wees laat. Hierdie tipe dinge kan vir ons laat voel dat God nie meer hier by ons teenwoordig is nie, asof God in die hemel sit en ons aan ons eie lot oorgelaat het.

Dalk het die dissipels iets hiervan ervaar die dag toe Jesus opgevaar het na die hemel en hulle alleen agter gebly het. Miskien het hulle ook verlate en alleen gevoel soos ons soms voel. En in daardie oomblik stuur God toe twee engele om hulle gerus te stel: "Die sê toe vir hulle: 'Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het'" (Hand. 1:11).

Jare later, toe gelowiges dieselfde twyfel ervaar, herinner Paulus hulle dat Jesus weer sal kom: "Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompette van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal" (1 Tes. 4:16).

En vandag 2000 jaar later, mag ons ook dalk begin twyfel en wonder waarom Jesus nog nie gekom het nie. Ons mag wonder of Hy enigsins weer gaan kom.

Petrus gee vir ons 'n interessante perspektief op hierdie gewag. Hy sê dat dit juis 'n teken van God se geduld met ons is. Hy sê: "Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer" (2 Pet. 3:9). Jesus se traagheid om weer te kom, is eintlik 'n stukkie genadige geduld aan God se kant. Hy gee nog tyd vir ongelowige mense om hul saak met Hom reg te maak.

En vir ons as gelowiges kan hierdie wagtyd ook positief ingespan word. Hierdie wagtyd kan ons aanspoor om te bly volhard in ons geloof. Want terwyl ons volhard, groei ons in geloof en vertroue dat Jesus wel weer sal kom.

2. Hy sal die lewendes en dooies oordeel

Die herinnering dat God ons, die lewendes en die dooies, gaan oordeel, hou dikwels vir ons vrees en angs in. Ons is bang dat God ons gaan straf en dat ons dan nie in die hemel sal ingaan nie.

Die bedoeling van hierdie geloofstelling is egter om ons te herinner aan God se geregtigheid, en so ook ons verantwoordelikheid.

- **God se geregtigheid:** Ons lewe in 'n wêreld vol ongeregtigheid waar korrupsie, oneerlikheid, armoede en swaarkry, hoogty vier. Vir diegene wat ly onder hierdie verdrukking, hou Jesus se wederkoms hoop in. Dit verseker hulle dat die bose en sy trawante nie die laaste sê sal hê nie. Daarom kan ons saam met Openbaring 21:4 bely: "Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan." Dit is God se belofte dat Hy reg sal laat geskied aan almal wat nou verdruk word.
- **Ons verantwoordelikheid:** Ons as gelowiges is natuurlik God se agente vir geregtigheid. Ons is die mense wat dit nou hier op aarde reg moet laat geskied. En by Jesus se wederkoms sal almal verantwoording moet doen vir hul aandeel in die ongeregtigheid van hierdie wêreld.

Vir gelowiges beteken dit nie dat ons nou in vrees hoef te leef nie. Dit beteken eerder dat ons onsself voortdurend moet ondersoek en aanspoor tot 'n lewe van integriteit en geregtigheid, van liefde en naaste diens.

3. Hy sal tot in ewigheid regeer

Die Belydenis van Nicea herinner ons dat God se koninkryk vir ewig sal bly staan – anders as aardse koninkryke wat kom en gaan. En die rede hiervoor is dat Hy die Almagtige is, en omdat sy Koninkryk oop is vir almal.

- **Hy is die Almagtige:** In Matteus 28:18-20 gee Jesus sy laaste opdrag aan sy dissipels. Hy begin deur hulle te herinner "Aan my is alle mag gegee in die hemel en op die aarde" (Mat. 28:18). Reeds in die vroegste Bybelverhale sien ons God se almag aan die werk. In Eksodus 14 lees ons die verhaal van God wat die Israeliete gered het toe Hy hulle droogvoets deur die Rietsee laat trek het. Dan sing hulle in Eksodus 15 "Die Here is oorwinnaar in die stryd" (:3), "U regterhand Here verpletter die vyand" (:6), "U is hoog verhewe, U vernietig wie teen U oopstaan" (:7), "Die Here regeer tot in ewigheid" (:18).

- **'n Koninkryk vir almal:** Die voortbestaan van God se Koninkryk lê opgesluit in die feit dat Hy almal innooi om deel te word daarvan. Ons sien dit in Jesus se opdrag aan sy dissipels in Matteus 28:19: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels." In Openbaring 7:9 word vir ons 'n prentjie geskets van hoe dit eendag sal lyk: "Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan." In Handelinge 2:1-11 sien ons die eerste treë in die totstandkoming van die nuwe Koninkryk toe die Heilige Gees uitgestort is op "al die nasies onder die son" (:5) , Jode sowel as heidene" (:11).

As burgers van die Koninkryk van God word ons opgeroep om mense in te nooi om deel te word van sy Koninkryk. Ons moet mense insluit en nie uitsluit nie – selfs mense wat anders as ons praat en lyk en dink en doen – want dit verseker die voortbestaan van die Koninkryk van God.

Slot:

Pinkstertyd herinner ons dat die eenheid in die koninkryk en kerk iets is wat die Heilige Gees doen. Dit is die Gees wat ons aan mekaar bind deur die een doop waarmee ons almal gedoop is. In 1 Korintiërs 12:13 sê Paulus: "Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk."

Dit is die Gees van God …

- wat ons vul met vergifnis en omgee sodat ons in vrede en harmonie met ander kan lewe;
- wat die verskillende gawes aan die verskillende lede van die liggaam uitdeel sodat hulle in afhanklikheid van mekaar, saam kan werk tot voordeel van die kerk en die wêreld;
- wat ons almal aan Christus verbind, Hy wat die Hoof en hoeksteen van die kerk is.

Kom, laat ons die Gees van Pinkster toelaat om ook ons hier in eenheid en liefde saam te bind.

Amen

LEWE

Dink en deel:

1. Wat beteken dit vir jou om te weet dat jy eendag uit die dood sal opstaan en vir ewig saam met Jesus sal lewe?
2. Verbeel jou gou:
   - Hoe sal dit lyk as Jesus nou, op hierdie oomblik, uit die hemel neerdaal?
   - Wat sal jou reaksie wees?
3. Hoe dink jy sal dit eendag voel as jy volgens 1 Tessalonisense 4:17 saam met die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het "op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet"?

Bid:

1. Begin deur God se almag te bely.
2. Vra God om jou te help om met integriteit en geregtigheid op te tree, en om sy liefde en naastediens uit te leef.
3. Vra Hom om jou te laat sien hoe Hy in en deur jou aan die werk is, sodat jy aangespoor mag word om te volhard in jou goeie werk.

Doen:

1. Vra aan die einde van die dag vir God om jou te wys waar jy met integriteit en geregtigheid, met liefde en naastediens opgetree het, en waar nie.
2. Doen môre een daad van diens aan die naaste wat oor jou pad kom.

ONS IS DEEL VAN EEN KERK WÊRELDWYD

WOENSDAGAAND 4 JUNIE 2025

LEES

Skriflesing:
Efesiërs 4:1-6 (Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983)

> *[1]Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. [2]Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. [3]Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.*
> *[4]Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. [5]Daar is net één Here, één geloof, één doop, [6]één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.*

Liturgiese voorstelle:
Sing:

- NGK Liedboek Lied 478: "Op vaste fondamente"
- NGK Liedboek Lied 475: "Allerhoogste Hemelvader"

Liturgiese Handeling:

- Laat iemand by die deur staan en willekeurig vir 'n paar mense elkeen 'n verskillende vrug gee, bv. appel, peer, piesang, lemoen, ens.
- Illustreer die eenheid van die kerk deur die persone te vra om hul vrug na vore te bring.
- Verduidelik dat elke vrug 'n verskillende geloofsgroepering voorstel wat deur die wêreld versprei is (soortgelyk aan die persone wat op verskillende plekke in die een vertrek sit).
- Sny nou die vrugte op in kleiner stukke en plaas dit in 'n mengbak. Dit behoort verskillende lae te vorm.
- Verduidelik dat alhoewel dit saam in een bak is, dit steeds van mekaar geskei is.
- Meng nou die vrugte om 'n vrugteslaai te vorm.
- Verduidelik dat dit die eenheid en diversiteit van die een kerk van Christus voorstel.

LUISTER

Inleiding:

Ons staan vanaand stil by 'n aangrypende geloofstelling oor die kerk, naamlik "Ons glo aan een, heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels".

Dit is belangrik om te onthou dat die oorspronklike samestellers van die Belydenis van Nicea uit verskillende kerk verbande gekom het. Dit was Keiser Konstantyn se inisiatief om in 325 n.C. die eerste ekumeniese vergadering byeen te roep wat volledig verteenwoordigend was van al die christelike groeperinge van daardie tyd. En vandag is die Belydenis van Nicea die enigste geloofsbelydenis wat deur gelowiges van alle Christelike denominasies reg oor die wêreld aanvaar word. Dit sluit in die Rooms Katolieke Kerk, die Oosters-Ortodokse Kerk, die Anglikaanse Kerk en al die Protestantse Kerke.

Maar wat beteken dit vir ons vandag om saam met gelowiges reg oor die wêreld te bely dat ons almal saam eintlik aan een kerk behoort, terwyl ons in 'n erg verdeelde wêreld woon en dikwels hoor van struwelings en skeurings binne die kerk?

Om dit te ontdek, gaan ons na die vier aspekte van die belydenis kyk, naamlik
1. een,
2. heilig,
3. algemeen, en
4. apostolies.

1. Die Kerk is *een*

Die Kerk waarvan daar in die Bybel gepraat word, is een kerk, en daardie eenheid is deur Jesus self bewerk. Hy is die Hoof van die kerk wat alle gelowiges saambind (Kol. 1:18). Dit is 'n verbintenis wat geskoei is op die verbintenis tussen God die Vader en die Seun. In Johannes 17:21 bid Jesus dat die Vader alle gelowiges sal beskerm en bymekaar hou: "Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U."

Ons moet egter verstaan dat eenheid nie eenvormigheid beteken nie.

Die verskille tussen denominasies dui op die diversiteit wat in die een kerk opgesluit lê. Dit beteken dat, al verskil ons oor minder belangrike sake, stem ons saam oor die kernwaarhede van ons geloof – waarhede soos vervat in die Belydenis van Nicea. Ons kan dus steeds een wees, al verskil ons oor sekere dinge.

Dit is soos in elkeen van ons gesinne en families. Ons is een familie, al verskil ons party keer baie van mekaar, want ons het dieselfde oupa of ouma wat ons saambind Met Kersfees, of verjaarsdae, of troues, kom ons almal weer bymekaar, want ons behoort aan mekaar – al woon ons nie altyd naby aan mekaar nie.

Hierdie belydenis daag ons dus uit om die diversiteit binne die een kerk te omarm, en alles in die stryd te werp om saam te werk aan ons gemeenskaplike roeping. Dit daag ons uit om skeuring en verdeeldheid teen te staan, terwyl ons mekaar in liefde vashou.

2. Die Kerk is *heilig*

Wanneer ons bely dat die kerk heilig is, dan bedoel ons dit is heilig omdat God dit heilig gemaak het. Die kerk is nie heilig omdat die lidmate heilig en sonder sonde is nie. Dit is heilig omdat Jesus dit deur sy sterwe gereinig het en aan God gewy het, "sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik" (Ef. 5:27). Wat Jesus dus vir individue gedoen het, het Hy vir die kerk as geheel gedoen.

Heilig beteken ook "afgesonder vir God se gebruik". Dit beteken die kerk is God se kerk wat Hy gebruik om sy werk voort te sit nadat Jesus opgevaar het in die hemel. Die kerk is dus God se werktuig in die wêreld – selfs al is ons nie altyd die beste implemente nie.

En omdat die kerk heilig is, het ons die verantwoordelikheid om te lewe as die heilige volk van God. Ons is geroep om slegs vir Jesus te lewe, afgesonder vir God se gebruik (1 Pet. 2:9).

3. Die kerk is *katoliek*

Die term "katolieke kerk" veroorsaak dikwels verwarring omdat ons dink dat dit na die Rooms Katolieke Kerk verwys. Maar dit help as ons onthou dat die Rooms Katolieke Kerk meer as 300 jaar later eers tot stand gekom het. Die oorspronklike betekenis van "Katolieke kerk" beteken eintlik "universele kerk". Dit is afgelei van die Griekse woord wat "wêreldwyd" of "alles omvattend" beteken.

Die term wil ons herinner dat ons deel is van 'n baie groter geheel – reg deur die wêreld en reg deur die eeue. Dit bevestig die eenheid te midde van die diversiteit van die kerk.

Voorts roep die belydenis ons ook op om mekaar lief te hê – hoe ons ook al van mekaar mag verskil. Ons word opgeroep om die eenheid wat God tot stand gebring het, te koester en uit te brei, omdat dit uitdrukking gee aan die eenheid en diversiteit binne die Drie-eenheid.

Dit beteken nie dat ons almal moet saamstem oor die kleiner, minder belangrike, aspekte van geloof nie. Maar dit beteken wel dat ons mekaar nie moet verwerp en veroordeel oor daardie einste klein verskille nie. Ons bly almal deel van die een kerk van Jesus Christus.

4. Die *apostoliese* kerk

Wanneer ons bely dat die een kerk van Christus 'n "apostoliese kerk" is (soos die vroeëre Afrikaanse weergawe gelui het), dan bedoel ons om te sê dat die kerk gebou is op die fondasie van die werk wat die apostels gedoen het in die eerste jare na Jesus se Hemelvaart. Die belydenis bevestig ons oortuiging dat die kerk gebou is op die geloof wat deur geslagte se gelowiges oorgelewer is – beginnende by die heel eerste gelowiges.

En as ons aan die kerk dink as 'n gebou, dan dink ons aan Jesus as die hoeksteen van hierdie gebou waarop die Apostels hulle fondasie gebou het (Ef. 2:20).

Dat ons vandag nog vashou aan ons apostoliese identiteit, roep ons op om enersyds getrou te bly aan die Woord van God, terwyl ons volledig betrokke raak by mense in hul nood. Die uitdaging is egter om die woord van God so te verkondig dat die mense van vandag die waarheid en waarde van die Goeie Nuus beleef. Dit beteken dat ons die uitdagings van die huidige omstandighede ernstig moet opneem wanneer ons dit spieël teen die eeu oue waarheid van God se Woord.

Slot:

Kortom, wanneer ons bely dat ons in een, heilige, algemene, apostoliese kerk glo, beteken dit dat ons glo ons is geroep om die eenheid met alle ander Christelike denominasie hier in ons land en reg oor die wêreld na te jaag. Dit beteken dat ons alle gelowiges met liefde en respek behandel, selfs al verskil hulle van ons. Laastens beteken dit dat ons geroep is om saam met alle gelowiges te werk om hoop en redding na 'n wêreld in nood te bring.

Tydens Pinkstertyd kom ons weer onder die indruk dat dit nie iets is wat ons uit onsself kan doen nie. Die bou van die kerk, die voortbestaan en uitbreiding daarvan, is iets wat die Gees van God doen. Ja, Hy het wel gekies om dit deur ons as gelowiges te doen. Juis daarom moet ons ons afsonder vir God se gebruik, sodat sy Gees die een kerk van God kan bou.

Amen

LEWE

Dink en deel:

1. Wat is die verskil tussen 'n gevangene in sy sel en 'n familiekuier?
2. Wat is van die uitdagings wat gelowiges beleef in vandag se wêreld?
3. Wat is jou ervaring van eenheid in jou geloofsgemeenskap?

Bid:

1. Dank God dat Hy sy kerk tot stand gebring het en instandhou deur sy Gees.
2. Vra God om julle geloofsgemeenskap te beskerm en te bewaar teen die uitdagings wat julle beleef.
3. Bid vir diegene wat verstoot en verwerp word deur die samelewing – en dalk ook deur gelowiges.

Doen:

1. Draai nou in julle byeenkoms na mekaar en vind uit wat die ander een se hoogtepunt hierdie week was. (Wanneer ons ons lewe met mekaar deel, bind dit ons aan mekaar en verdryf dit gevoelens van eensaamheid.)
2. Gaan kuier vir iemand wat jy weet alleen en eensaam voel.
3. Gaan gee 'n klein geskenkie (blommetjies, sjokoladetjie, broodjie, ens.) anoniem by iemand af met 'n kaartjie wat sê dat dit in God se Naam gedoen is.

DIE HEILIGE GEES WOON IN ONS

DINSDAGAAND 3 JUNIE 2025

LEES

Skriflesing:
Romeine 8:9-17 (Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983)

> *9 Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie. 10 Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. 11 Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.*
> *12 Daarom dan, broers, staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. 13 As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe. 14 Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. 15 Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. 16 Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. 17 En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.*

Liturgiese voorstelle:
Sing:

- NGK Liedboek Lied 439: "O Heil'ge Gees, o God in ons"
- FLAM Lied 390: "Hemelvader, ek aanbid U"

Liturgiese Handeling:

- Neem 'n ballon (simbolies vir die geskape mens).
  - Praat oor die roeping, bruikbaarheid, en vervulling van roeping.
  - Blaas die ballon op (simbolies vir God se lewensasem).
  - Praat weer oor die ballon se roeping, bruikbaarheid, en vervulling van roeping.
- Die boodskap van die beeld: met God se Gees in ons kan ons ons roeping vervul, is ons bruikbaar en diensbaar, voldoen ons aan ons identiteit.

LUISTER

Inleiding:

Die Belydenis van Nicea verklaar dat ons glo "in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete."

Die wete dat die Gees van God in ons woon en aktief aan die werk is, raak ons hele bestaan. Dit verander hoe ons oor onsself, ander mense, en die hele skepping dink. Ons en alles en almal om ons is nie maar net wesens van stof en as nie. Nee, ons is veel meer. In Psalm 8:6 sing Dawid dat ons net 'n bietjie minder as hemelse wesens is.

Die Heilige Gees se inwoning bepaal dus …

1. ons identiteit,
2. ons roeping, en
3. ons groei.

1. Ons identiteit: Ons is kinders van God

Ons is almal gebore as stoflike aardse wesens. Maar toe het God, volgens Genesis 2:7, sy lewensasem (met ander woorde sy Heilige Gees) in die mens geblaas. Op die manier kon gewone, sterflike mense, word wat Jesus ook was, naamlik 'n kind van God die Vader. In Romeine 8:15-16 herinner Paulus ons: "Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak …". Dit is 'n ontsagwekkende gedagte.

En as kinders van God is ons God se verteenwoordigers. Ons is die draers van God se teenwoordigheid in die wêreld in. Ons is die punt waar hemel en aarde mekaar ontmoet. Ons is die plek waar mense God kan ontmoet en ervaar, kan sien wie Hy is en wat Hy doen.

Natuurlik kom daar tye wanneer ek God nie na sy ware aard verteenwoordig nie, tye wanneer ek die verkeerde ding sê en doen. Paulus self het gesê: "Die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil nie, dit doen ek" (Rom. 7:19)

In sulke tye kan ek dan aan hierdie waarheid vashou: ek is nie hierdie slegte dinge wat ek doen nie, ek is nie wat mense van my sê en dink nie. Ek is 'n kind van God deur sy Gees wat in my woon.

2. Ons roeping: Om die werk van Jesus voort te sit

Die Heilige Gees wat in my uitgestort is, is nie 'n passiewe teenwoordigheid in my lewe nie. Dit is 'n aktiewe krag wat my bemagtig om te lewe en te doen wat God van my verlang. In Handelinge 1:8 belowe Jesus: "… julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees …".

Dit is krag wat gegee is om die werk wat Jesus op aarde gedoen het, voort te sit. Ek is geroep om 'n medewerker van God te wees (1 Kor. 3:9), om toe te laat dat die Gees sy werk deur my voortsit. Wat Jesus met die hulp van die Heilige Gees gedoen het – die genesing van siektes, die herstel van lewens, die verkondiging van God se genade, die uitleef van God se aanvaarding en vergifnis – dit doen ék nou onder leiding van die Heilige Gees.

My werk is dus soos die van 'n windlaaier wat die krag van die Gees in my omskakel in elektrisiteit vir die wêreld, 'n krag tot redding en vreugde, 'n krag tot gelykheid en geregtigheid. Hierdie krag tot lewe is niks anders as die gawes van die Gees nie: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal. 5:22). Dit is kragte wat die wêreld verander, kragte wat God naby bring aan die mense wat na Hom soek.

3. Ons groei: Om meer soos Jesus te word

Die inwoning en werking van die Gees van God is die sleutel vir ons groei. Die Heilige Gees lei en troos nie net nie, dit gee nie net raad en wysheid nie, maar dit verander ons totale wesensaard. Hy maak ons heilig sodat ons volgens Romeine 8:9, nie meer deur ons sondige natuur beheers word nie, maar deur die Gees.

In 2 Korintiërs 3:18 herinner Paulus ons dat ons "... al meer verander word om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is." Hierdie groei is dus 'n proses, eintlik 'n lewenslange groeiproses waar ek meer en meer word soos wat God my geskape het om te wees.

In 'n wêreld wat fokus op uiterlike skoonheid, kom die Gees en maak ons mooi van binne. Hy gee vir ons 'n sagte hart vol liefde en deernis, vernuwe ons gedagtes om rein te wees, en omvorm ons begeertes om met God se begeertes ooreen te stem.

Slot:

Geliefdes, tydens Pinkster vier ons die werk en inwoning van die Heilige Gees. Wat beteken dit vir ons in vandag se wêreld?

- **Ons kan staatmaak op sy krag**: Ons ervaar dikwels oomblikke van swakheid – tye wanneer versoekings oor ons kom, of wanneer ons nie meer kan of wil aan gaan nie, of wanneer my lelike self net oorneem. Dit is dan dat ons op die krag van die Gees kan staatmaak, dat ons kan weet Hy is met ons, gereed om ons te help.
  Soms voel dit natuurlik asof God nie dadelik help nie. Dit is in sulke tye dat ons uitgedaag word om te volhard in ons geloof (Mat. 10:22). Ons word uitgedaag om te bly glo dat God sal help, al neem dit net 'n bietjie langer. En soms moet ons wag omdat God iets anders, selfs iets beters vir ons beplan het (Hebr. 11:39).
- **Ons bou aan ons gemeenskap**: Alhoewel die Heilige Gees individueel aan elkeen van ons gegee is, is die Gees ook aan die gemeente as geheel gegee. Daarom word ons opgeroep om mekaar te ondersteun en te bemoedig, en as gemeenskap van gelowiges nou verbonde aan mekaar te leef. Ons word geroep om saam te soek na die wil en wysheid van God, en om saam te werk en 'n verskil te maak in die wêreld.
- **Ons leef as 'n getuie**: Ons is geroep om te getuig van wat God in ons en vir ons gedoen het – niks meer nie, maar ook niks minder nie! Dit is so eenvoudig. In 'n wêreld wat smag na liefde en aanvaarding, laat ons die liefde en vergifnis wat ons van God ontvang het, ook aan ander bewys. En laat ons dit nie net met woorde doen nie, maar ook met dade.

Geliefdes deur die Gees, laat ons die inwoning en werking van die Heilige Gees nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Kom ons leef bewustelik met die wete dat God in ons woon – met al sy liefde, krag, en genade. En laat ons so met mense omgaan, dat hulle dit in ons kan sien en deur ons ervaar.

Amen

LEWE

Dink en deel:

1. Wat is jou ervaring van die stryd tussen jou sondige natuur en die leiding van die Heilige Gees in jou?
2. Wat is die verskil wat Paulus probeer illustreer as hy in vers 15 praat van "slaaf" en "kind"?
3. Wat beteken dit vir jou prakties elke dag om te weet jy is God se kind?

Bid:

1. Dank God die Vader dat jy sy kind kan wees en sê vir Hom watter verskil dit vandag in jou lewe gemaak het.
2. Praat met God oor jou eie stryd na aanleiding van Paulus se erkenning dat die goeie wat hy wil, doen hy nie, en die slegte wat hy nie wil nie, dit doen hy.
3. Dank God dat jy nie meer in vrees vir veroordeling en straf hoef te leef nie, maar met vrede en vreugde Hom kan dien, selfs al maak jy foute.

Doen:

1. Vertel vir iemand van die stryd in jou tussen jou sondige natuur en die leiding van die Heilige Gees, en hoe dit jou laat voel om te weet jy hoef nie in vrees vir straf te leef nie.
2. Maak 'n kaartjie "Jy is 'n kind van God" en skryf kortliks daarop wat jy daaronder verstaan, en gee dit vir iemand.
3. Skryf God se "testament" (dit wat jy "geërf" het) op 'n kaartjie en plaas dit in jou Bybel.

ONS HET EEN DOOP TOT VERGIFNIS VAN ONS SONDES

DONDERDAGAAND 5 JUNIE 2025

LEES

Skriflesing:
Romeine 6:1-5 (Nuwe Afrikaanse Vertaling, 1983)

> *[1]Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? [2]Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe? [3]Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? [4]Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. [5]Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding.*

Liturgiese voorstelle:
Sing:

- NGK Liedboek Lied 290: "Dit is my troos dat ek gedoop is"
- NGK Liedboek Lied 292: "My enigste troos"

Liturgiese Handeling:

- Nooi die gemeente uit om na vore te kom en hul hand in die doopvont-water te steek. Laat geestelike leier(s) die punt(e) beman en elke gelowige herinner dat die waarborge en versekering wat hulle reeds tydens hul doop ontvang het, steeds van krag is.
  - Vir praktiese doeleindes mag dit oorweeg word om meer as een "doopvont" op te stel.

LUISTER

Inleiding:

Vanaand staan ons stil by 'n saak wat in die laaste paar dekades al hoe meer bevraagteken word, naamlik die doop. Die belydenis van Nicea lui: "Ons bely een doop tot vergifnis van sondes". Daarmee bevestig ons dat die doop 'n sentrale rol speel in ons geloof en dat dit direk gekoppel word aan die vergifnis van ons sondes.

Van die vrae wat dikwels gevra word, is:

- Hoe moet ek gedoop word: deur besprinkeling of onderdompeling?
- Wanneer moet ek gedoop word: as baba, tiener, of volwassene?
- Kan ek my maar weer laat doop omdat ek niks van my doop as baba onthou nie?"

Hoe help die Belydenis van Nicea ons vandag om vrae soos hierdie te beantwoord?

Kom ons kyk na 3 aspekte van die belydenis wat ons dalk mag help:

1. Die doop as teken van insluiting, verbintenis en genade
2. Een doop, een geloof, een familie
3. Die doop tot vergifnis van sondes

1. Die doop as teken van genade, insluiting, en versoening

Die doop is 'n sakrament – 'n sigbare teken van God se onsigbare genade wat ons ontvang die oomblik wanneer dit toegedien word. En die doop wil ons help om te verstaan dat dit blote genade is dat ek vergifnis van sondes ontvang het.

Vergifnis van sondes is nie iets wat ons kan verdien nie. Ek is nie deel van God se familie omdat ek 'n goeie lewe gelei het, of omdat ek 'n rits goeie werke gedoen het, of omdat ek elke dag my Bybel lees nie. Ek is 'n kind van God omdat God my 'n kind van Hom gemaak het. Dit is 'n geskenk, 'n genade gawe wat bewerk is deur Jesus wat namens my aan die kruis gesterf het. Daarom is die doop (saam met die nagmaal) 'n sakrament – want dit maak dit wat God vir my deur Jesus gedoen het, 'n realiteit in my lewe.

Daarom beskou ons die doop as 'n ritueel van insluiting. Dit dui op my en jou wat deel geword het van God se volk, van sy kerk op aarde. Daarom sien ons in die doop-ritueel iets van Jesus wat mense uitnooi om Hom te volg, en sodoende ingenooi word in die famille van die Vader.

Die doop is ook 'n ritueel van versoening. Deur die doop word ons verbind aan Christus. Paulus skryf in Romeine 6:4 dat dit deur die doop is dat ons verbind is aan Jesus in sy dood en opstanding. Hy bevestig dit later deur te sê: "Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen … en die mense hulle oortredinge nie toereken nie" (2 Kor. 5:18-19).

Die doop dui dus op die reiniging van sonde, ons aanneming tot kinders, en ons insluiting as lede van Sy Koninkryk.

2. Een doop, een geloof, een familie

Die Belydenis van Nicea resoneer Paulus se woorde in Efesiërs 4:5 as hy oor die eenheid van die kerk sê dat daar net "één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal" is. Dit bevestig dat dit by die doop nie soseer oor die individu gaan nie, maar oor die groep, oor die kerk as geheel waaraan hy of sy nou deel kry. Die doop plaas die fokus op die eenheid van alle gelowiges, die liggaam van Christus.

Daarom skryf Paulus in 1 Korintiërs 12:13: "Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry …"Die doop verwyder dus die skeidsmure wat deur dinge soos ras, volk, taal, en status opgerig word. Dit bevestig dat alle gelowiges gelyk is voor God deur Jesus Christus. Ons is almal met dieselfde doop gedoop, en daarom is ons almal gelyk teenoor mekaar.

In hierdie teksgedeelte plaas Paulus ook die fokus op die belangrike rol van die Heilige Gees tydens die doop wanneer hy sê: "Ons is almal van die een Gees deurdrenk" (1 Kor. 12:13). Wanneer ons in die Belydenis van Nicea bely dat daar net een doop is, dan praat ons nie van die manier waarop die doop bedien word nie, byvoorbeeld besprinkeling of onderdompeling nie. Dit verwys ook nie na die ouderdom waarop gelowiges gedoop moet word nie, byvoorbeeld as baba, of tiener, of volwassene nie. Dit verwys na die Heilige Gees wat die doop bemiddel. Ons sou dus ter wille van duidelikheid die belydenis as volg kon uitbrei: Ons bely een doop wat deur die HG bedien word en dit is die ware doop, die enigste doop wat insluiting in God se kerk waarborg.

3. Die doop tot vergifnis van sondes

Aan die begin van die Bybelse verhaal lees ons die verhaal van die Skepping en Sondeval (in Genesis 3). Hierdie verhaal wil vir ons laat verstaan dat sonde 'n realiteit van ons aardse bestaan is. Voorts wil dit ons ook herinner dat sonde 'n geweldige impak het op ons verhouding met God, ons naaste, die natuur, en ook onsself. En miskien is die duidelikste boodskap van die verhaal, dat dit ons verwyder uit die teenwoordigheid van God.

Aan die begin van die Nuwe Testament lees ons weer 'n skeppingsverhaal – naamlik die geboorte van Jesus, die Verlosser. Deur sy verhaal – sy geboorte, lewe, en sterwe – word ons herinner aan God se oneindige liefde en genade vir sy volk. Die hoogtepunt van hierdie verhaal – wat op daardie stadium na die laagtepunt gelyk het – is natuurlik sy sterwe tot vryspraak van al ons sondes. 2 Korintiërs 5:21 stel dit baie duidelik: "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."

Die doop in die Naam van die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees, verbind ons aan Jesus se dood en opstanding, en op grond daarvan is ons nou vrygespreek. Die sleutel in hierdie hele proses is dus die doop, want deur die doop bely ons ons geloof in die verlossingswerk van Christus.

Slot:

In vandag se wêreld is mense dikwels daarop ingestel om hul waarde te toon deur wat hulle het en wat hulle doen. Die doop wil ons verseker dat ons sondes vergewe is, nie op grond van wat ons gedoen het nie, maar wat Jesus lankal reeds vir ons gedoen het. Hierdie werk van Christus word vir ons bemiddel deur die Heilige Gees.

Tydens Pinkster dink ons juis aan wat die Heilige Gees vir ons doen. Dit is die Gees van God wat Christus se werk 'n werklikheid maak. Pinkster wil juis die onsigbare werk van die Gees vir ons sigbaar maak.

In 'n wêreld wat sukkel om te vergewe, en eerder 'n wrok koester wat vir jare kan aanhou, herinner die doop ons dat ons die nuwe lewe ontvang het deurdat Christus ons vergewe het. Daarom roep die doop ons op om dieselfde vergifnis teenoor ander uit te stort – onverdiend.

Daarom leer Jesus ons in die Onse Vader gebed om ons skuldenaars te vergewe (Mat. 6:12). Maar dit is nie iets wat ons uit ons self kan doen nie. Pinkster herinner ons dat ons die kragtige werking van die Heilige Gees nodig het om ander mense te kan vergewe. Daarom word ons opgeroep om daarvoor te bid, en te vra dat God ons deur sy Gees sal help.

Dit is slegs deur die Gees dat ons kan lewe soos God dit van ons verwag.

Amen

LEWE

Dink en deel:

1. Wat is jou ervaring van die eenheid in die gemeente? Water waarde hou dit vir jou in?
2. Wat onthou jy van jou doop (wat jy self onthou of vir jou vertel is of gewys is)?
   a. Dink jy ooit terug aan jou doop?
   b. Wat beteken dit vandag vir jou dat jy gedoop is?
   c. Hoe het jou denke oor jou doop deur jou lewe verander?

Bid:

1. Dank God vir jou vergifnis van sondes en insluiting as kind in sy familie.
2. Vra God om jou te help om ander mense te vergewe soos wat Hy vir jou vergewe het.
   2.1 Is daar iemand spesifiek wat jy nou moet vergewe?
3. Vra God om jou te help om die eenheid tussen gelowiges te soek, en nie verdeeldheid te saai nie.

Doen:

1. Gaan na die persoon wat jy moet vergewe, en vra opreg vergifnis vir jou aandeel in die verbrokkeling van jul verhouding.
2. Teken 'n prentjie wat vir jou die eenheid in jou gemeente voorstel. Sit al die prentjies êrens op waar almal dit kan sien.

ONS SAL OPSTAAN UIT DIE DOOD EN VIR EWIG LEWE

SONDAGOGGEND 8 JUNIE 2025

LEES

Skriflesing:

1 Korintiërs 15:50-58 (Nuwe Afrikaanse vertaling, 1983)

> *50 Wat ek bedoel, broers, is dit: vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie. Die verganklike kan nie aan die onverganklike deel kry nie. 51 Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word. 52 By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word. 53 Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike.*
> *54 En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word:*
> *"Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal."*
> *55 "Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?"*
> *56 Die angel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God. 57 Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.*
> *58 Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.*

Liturgiese voorstelle:

Sing:

- NGK Liedboek Lied 421: "Die Here Jesus lewe"
- NGK Liedboek Lied 602: "Ek sien 'n nuwe hemel kom"

Liturgiese Handeling:

- Lees die Belydenis van Nicea hardop voor vir die gemeente.
  - Laat hulle vir 'n oomblik nadink oor watter een hulle die meeste aanspreek.
  - Laat die gemeente saam die Belydenis van Nicea hardop voorlees.

LUISTER

Inleiding:

Ons staan vanoggend stil by die laaste geloofswaarheid van die Belydenis van Nicea., naamlik, "Ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu."

Waar al die vorige stellings terugkyk na wat God reeds vir ons gedoen het, fokus hierdie stelling op die toekoms. Dit herinner ons aan wat ons te wagte kan wees wat nog nie gebeur het nie, maar vir seker sal gebeur. Dit bevestig dat ons elke dag hier op aarde kan leef met die verwagting dat die wat reeds dood is, sal opstaan uit die dood, en saam met ons wat nog lewe, hemel toe sal gaan en vir ewig lewe.

So kom ons kyk vir oulaas wat hierdie 1700-jaar oue belydenis vir ons vandag nog inhou. Ons gaan na drie aspekte kyk, naamlik

1. die sekerheid van ons opstanding,
2. die betekenis van die ewige lewe, en
3. die oproep om te lewe in die lig van die opstanding.

1. Die sekerheid van die opstanding

Die opstanding van die dooies is een van die pilare waarop ons geloof gebou is. Dit is die belofte dat, net soos wat Jesus opgestaan het, ons ook sal opstaan uit die dood. As dit nie so was nie, was ons geloof waardeloos, sê Paulus in 1 Korintiërs 15:17.

Die belydenis wil ons ook herinner dat ons vleeslike liggame belangrik is. Dit is opvallend dat die belydenis geskryf is vir die teenwoordige geslag. Dit verwys na diegene wat reeds dood is, wat saam met ons, wat tans lewe, sal opstaan. Die belydenis is dus geskryf met die verwagting dat die opstanding nou enige dag kan plaasvind. Dit spruit uit ons teksgedeelte waar Paulus skryf: "Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word" (1 Kor. 15:51). Dit is dus nie net die dooies wie se liggame verander sal word nie. Diegene wat op die oomblik lewe, se liggame sal verander word in 'n onsterflike liggaam (… 15:52, 53). Die punt is dat God nie sy skepping gaan weggooi aan die einde van tyd nie. Nee, Hy sal dit weer terugneem na Hom nadat Hy dit nuut gemaak het.

2. Die betekenis van die ewige lewe

Ons is almal bekend met Openbaring 21 en 22 se beskrywing van die toekomstige lewe: strate van goud, poorte van pêrels, die boom van die lewe, en die afwesigheid van hartseer en pyn. En wat ons boonop ook nog te wagte kan wees, is die herstel van ons verhouding met God.

Die hoop wat die komende Ryk van God vir ons inhou, is die vooruitsig dat die sirkel van God se verhaal met die mens, voltooi sal word. Genesis vertel dat God se verhaal met die mens in die tuin van Eden begin het. Daar het ons in perfekte harmonie en eenheid met God geleef. Openbaring herinner ons dat aan die einde, by Jesus se wederkoms, sal ons weer in daardie volmaakte teenwoordigheid met God leef. Johannes 17:3 verklaar prontuit: "En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur u gestuur is."

Dit is nodig dat ons oplet dat die "ken" waarvan Johannes hier praat, iets is wat tydens ons aardse bestaan gebeur. Ons elkeen het reeds hier vir God leer ken. Dit beteken dus dat ons ewige lewe reeds begin het, nou, hier op aarde. Dit is nie iets wat eers eendag gaan gebeur nie.

3. Die oproep om te lewe in die lig van die opstanding

Die sekerheid van Christus se wederkoms en ewige lewe daag ons uit om nou reeds op 'n nuwe manier te lewe op grond van die beloftes wat ons ontvang het. En hoe lyk so 'n nuwe lewe in die lig van die opstanding?

- **Dit gee waagmoed en deursettingsvermoë**: In 'n wêreld vol uitdagings gee die hoop op die opstanding vir ons die krag om te volhard, om aan te hou en deur te druk – maak nie saak hoe groot die uitdaging is nie. "Daarom …", verklaar Paulus in 1 Korintiërs 15:58, "... wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie."
  Alles, letterlik alles wat ons hier op aarde doen, alles wat moeilik is, alles wat ekstra moeite vra, alles wat ons soms moeg maak, is die moeite werd om te doen, omdat ons kan weet dat dit nie verniet is nie. Dit is altyd tot eer van die Here en verkondig wie Hy is.
- **Dit roep ons op om heilig te lewe**: Die belofte van die opstanding daag ons uit om op 'n manier te lewe wat aan God die eer bring. In 1 Johannes 3:2-3 skryf Johannes dat ons reeds kinders van God is. Dit beteken dat ons eendag by Jesus se wederkoms verander sal word, om soos Hy te wees – heilig. Juis daarom moet ons gehoor gee aan sy oproep as hy skryf: "Elkeen wat hierdie verwagting in verband met hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is."

Ons word opgeroep om rein en heilig te lewe – afgesonder vir God se gebruik, om net vir Hom en volgens sy wil te lewe. Ons word dus opgeroep om Christus se liefde, genade, en diensbaarheid sigbaar te maak in hierdie wêreld.

- **Dit inspireer ons om te getuig van die hoop in Christus**: In 'n wêreld wat opsoek is na sin in die lewe, kan ons vertel van die hoop wat ons in Christus het.
  In Johannes 13 lees ons die verhaal van Jesus wat die dissipels se voete was. Dit was op die vooraand van sy lyding en kruisiging. En dan ontstaan die vraag by die leser: "Hoe het Jesus dit reggekry om standvastig koers te hou deur wat seker sy swaarste tyd op aarde moes gewees het?" Die antwoord lê in vers 3: "Jesus het geweet dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God teruggaan."

Jesus kon die pad met volharding stap omdat Hy geleef het met die vaste hoop dat die Vader reeds die oorwinning vir Hom voorberei het. Boonop was Hy absoluut oortuig dat sy sterwe Hom terug sou neem na die Vader toe. Hierdie wete het hom sterk gemaak, hoop gegee, om aan te hou doen wat God van Hom verlang het.

Ons leef vandag met daardie selfde hoop, want ons weet van waar ons kom en waarheen ons op pad is. Dit is dieselfde hoop wat vir alle ander mense ook beskikbaar is.

Slot:

Vandag, op Pinkster Sondag, vier ons die uitstorting van die Heilige Gees, die Gees van die Vader en die Seun. Pinkster herinner ons dat alles wat ons glo, glo ons omdat die Gees van God dit in ons bewerk het.

Ek glo nie uit myself nie. Ek glo nie op grond van my goeie werke nie. Ek glo nie omdat my ouers geglo het nie. Ek glo omdat die Gees van God my daartoe gelei het om in my hart saam te stem met wat ek in die Skrif van God lees. Daarom kan ons dit bevestig wanneer Paulus in Efesiërs 2:8 skryf: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God."

Maar die Heilige Gees laat my nie net glo nie. Hy staan my ook by sodat ek my geloof prakties elke dag kan uitleef as 'n getuienis van God se liefde en genade, sy reg en geregtigheid, sy aanvaarding en insluiting van alle mense in sy koninkryk – op aarde en in die hemel.

Amen

LEWE

Dink en deel:

1. Sedert die vroegste tye het gelowiges met die verwagting geleef dat Jesus in hul leeftyd sal kom. Wat beteken dit vir jou om te dink dat Jesus mag kom terwyl jy nog lewe?
2. Deel met mekaar wat jul prentjie is van hoe Jesus se wederkoms gaan lyk.
3. Vertel vir die ander van 'n keer toe jy die oorwinning deur Jesus beleef het.
    - Onthou dat ook die klein oorwinnings God verheerlik net soos wat die groot oorwinnings doen.

Bid:

1. Dank God dat Hy vir Jesus uit die dood laat opstaan het en sodoende aan jou die ewige lewe geskenk het.
2. Vra God om jou te help sodat die hoop wat jy in Christus het, vir jou 'n werklikheid sal word waardeur jy elke dag leef.
3. Vra God om jou te help om 'n goeie getuie vir hom te wees wat sy hoop aan verlore mense bring.

Doen:

1. Teken 'n prentjie van hoe die wederkoms van Jesus vir jou lyk. Skryf daarby dat jy glo dat Hy weer sal kom en dat jy reeds die ewige lewe ontvang het. Skryf dan ook vandag se datum by en bewaar die prentjie in jou Bybel.
2. Laat die gemeente elkeen op 'n stukkie papier hul geloof in Jesus se kruisiging, opstanding, en Hemelvaart, asook in die ontvangs van die ewige lewe, neerpen, en laat hulle dit vorentoe bring en voor die kruis neersit / aan die kruis vassteek.
    - Alternatiewelik kan hulle begelei word om dit hardop of in stilte te bely, en dan slegs hul naam op die papiertjie skryf en dit na die kruis te bring.
3. Reik uit na iemand en vertel hulle van die hoop wat jy in Christus het.